
# HOEPHOEP

Mei 2025
Jaargang 30(2)
Nr. 145



Flock to Marion
Birding Festival
Neotropic Birds

BIRDLIFE WESVAAL

# UIT DIE VOORSITTER SE NES: Mei 2025

By BirdLife Wesvaal is die lede die hart van alles wat ons doen. Sonder julle passie, toewyding en betrokkenheid sou die klub eenvoudig nie bestaan nie.

Ons lede het ’n wye reeks talente – soos die reëlings van uitstappies, uitvoering van administratiewe take en bestuur, die aanbied van klub byeenkomste of die bederf met verversings – elke lid speel ’n noodsaaklike rol in die bestaan van ons klub.

Hierdie gees van samewerking en vrywilligerswerk verseker die langtermyn volhoubaarheid van die BirdLife Wesvaal.

BirdLife Wesvaal is meer as net ’n voëlkyk groep, ’n gemeenskap wat gebou is op gedeelde waardes, wedersydse ondersteuning en ’n diep liefde vir die natuur. Elke lid dra by tot ’n verwelkomende atmosfeer en 'n veilige omgewing waarin mense kan leer en lekker kan saam kuier.

Saam verryk ons nie net mekaar se lewens nie, maar bou ons ook ’n blywende nalatenskap van voël waardering en omgewingsbestuur vir toekomstige geslagte.

Baie dankie vir al die lede van BirdLife Wesvaal vir jul onmisbare rolle en betrokkenheid hier op Potchefstroom.

*Pieter Labuschagne*

# GELUK AAN:

**Tommie Drinkwater** wat ‘n aktiewe lid is van BirdLife Wesvaal.



Tommie is met die **MT Steynprys** vir Natuurwetenskaplike en Tegnologiese Prestasie in 2025 bekroon vir sy bydrae by die Landbounavorsingsraad.

Tommie was ‘n entomoloog en sy navorsing was op landbou gefokus. Hy het in sy loopbaan verskeie artikels die lig laat sien, was in aanvraag as spreker by verskeie boeredae en studiegroepe.

Tommie was vir twee jaar voorsitter van BirdLife Wesvaal en het ook lank op die bestuur van die klub gedien. ‘n Leier op verskillende gebiede.

Tommie, lede van BirdLife Wesvaal salueer jou met jou groot prestasie.

## BIRDLIFE WESVAAL BIRDING WEEKEND 2025

BirdLife Wesvaal het ‘n heerlike “Birding Weekend” gehou van 21-23 Maart 2025 by die Elgro River Lodge. Hierdie naweek was ‘n opvolg na ‘n baie suksesvolle 40-jarige feesviering die vorige jaar. Hoe dan anders as iets lekker is en ‘n reuse sukses moet dit herhaal word.




Die naweek het entoesiastiese voëlkykers bymekaar gebring wat heerlik gekuier en nuwe vriende gemaak het.

## Die voëlkykers is bederf met:



- vele voëlkyk ritte deur die dag asook ‘n nagrit om na naguile te soek
- staproetes
- gassprekers van formaat
- dan natuurlik ook die heerlikste etes en verblyf

## Naguile

Opsoek na die naguile was voertuig een baie gelukkig om kort-kort ‘n uil te sien wat hulle dan ook per radio gerapporteer het. Voertuig twee het net meer en meer jaloers geraak want daar was geen uile nie en twaalfuur die nag kom nader.

Marietjie Lombard op voertuig twee het die soeklig hanteer en uiteindelik twee blink ogies gesien, maar tot haar frustrasie sien slegs sy die oë. Uiteindelik het die bestuurder omgedraai en die pad geneem wat almal nader aan die oë sou bring. Daar was dit toe twee oë. Maar nie ‘n uil of voël nie maar ‘n spinnekop.

Gelukkig vir die span op voertuig twee want op daardie pad word toe heelwat Afrikaanse Naguiltjies (Fiery-necked Nightjars) gekry en self ‘n Gevlekte Ooruil (Spotted Eagle-Owl).





## Die gassprekers was:

- **Stephan Terblanche** met ‘n praatjie oor Swaels en Windswaels asook Birdlasser and SABAP2.
- **Reinier Terblanche** met ‘n aanbieding oor "Importance of Habitat Mosaics for Butterfly and Avifaunal Diversity of the Vredefort Dome".
- **Nick Newman** het oor "Birding in Colour" gepraat.
- **Geoff Lockwood** se praatjie was oor die behoud van voël klubs.

Hierdie praatjies was baie leersaam en almal het iets nuuts geleer maar die gassprekers se teenwoordigheid tydens die voël ritte en staproetes was van onskatbare waarde.




***Gassprekers**: Nick Newman, Reinier Terblanche, Stephan Terblanche, Geoff Lockwood, Pieter Labuschagne (BLWV voorsitter), Kobus Fourie (eienaar Elgro River Lodge)*

## Ken Newman afdruk



Nick Newman het 'n afdruk van een van sy pa, Ken Newman, se skildery aan BirdLife Wesvaal geskenk.

Dit was uitgeloot en gewen deur Alet Steyn. Die afdruk is deur haar aan Kobus Fourie geskenk as waardering vir sy entoesiasme en passie waarmee hy BirdLife Wesvaal ondersteun asook sy rol in die naweek se sukses. Dit sal gebruik word vir verfraaiing van die Elgro River Lodge.

Die bydrae ontvang vir die afdruk is aan BirdLife South Africa geskenk vir die "Mousefree" projek van Marion Eiland.

## Reëlingskomitee

Dank word uitgespreek teenoor die beplanningskomitee: Kobus Fourie, Pieter Labuschagne, Lawren Oelofse, Roy Byers, Alet Steyn en Lounell White. Die beplanning is 'n jaar terug al aan die rol gesit om weereens 'n sukses van die gebeurtenis te maak.

## Ereveldwagters

Ian Mackenzie en ander lede van die SANParks Ereveldwagters van die Bankenveld Streek het ‘n uitstalling van plante en in besonder vetplante daar gehad. Die inligting wat hulle met die mense gedeel het was insiggewend en het bygedra tot die sukses van die naweek.




## Kobus Fourie en Elgro River Lodge personeel

Groot dank ook aan Kobus Fourie en sy personeel van die Elgro River Lodge vir die gasvryheid, vriendelikheid en professionele wyse waarop alles hanteer is.

Kyk uit vir volgende jaar se “Birding Weekend”, dit is iets wat op jou kalender gemerk moet word.

# KLUBAANDE

### Flock to Marion

Die “Wesvaal Flockers” het op 6 Maart 2025 ‘n interessante praatjie aangebied oor hulle wedervaringe op die bootvaart na Marion eiland. Die aanbieding was so gestruktureer dat al die lede ‘n gedeelte van die inligting aangebied het. Mooi voël foto’s is vertoon maar die aanbieders het daarop gewys dat dit ‘n kuns was om die foto te neem op ‘n bewegende skip en voëls wat agter die deinings weggeraak het.



Jonathan Breytenbach, Johan Nel, Anthonie de Klerk, Tilanie Krog, Martie Krog, Hentie Boardman, Johan van Brakel, Nicolette van Brakel

Lees die berig op bladsy  13 waar 'n breedvoerige beskrywing van hierdie reis gegee word.

## LEER JOU KAMERA KEN




BirdLife Wesvaal se klub aand op 10 April 2025 is deur 40 lede bygewoon om na 'n baie interessante aanbieding deur Johan de Klerk te luister.

Johan het aangedui dat goeie foto's 'n kombinasie van komposisie, kennis asook vaardigheid met 'n kamera is.

**Komposisie** van 'n foto lei tot 'n kunswerk.

- 'n Foto moet so geneem word dat 'n lyn 'n mens se oog in die foto inlei. Dit moet tot 'n spesifieke trefpunt lei.
- Daar kan verskillende teksture en kontraste op 'n foto wees om die foto interessant te maak.
- Die verskillende dele van 'n foto moet 'n eenheid vorm.
- Voordat 'n foto geneem word moet die area waarop gefokus word denkbeeldig horisontaal en vertikaal in derdes gedeel word. 'n Besluit moet dan gemaak word waar die fokuspunt van die foto gaan wees voordat dit geneem word.
- Die tyd van die dag wanneer 'n foto geneem word is ook belangrik omdat die kleurskakerings, intensiteit van die lig en die helderheid verander deur die dag.

**Wenke vir die neem van voël foto's**

- Die foto moet so geneem word dat 'n voël in die foto-toneel inkyk.

- Die oog van 'n voël moet altyd skerp wees.
- Mensgemaakte items soos drade moet soveel as moontlik vermy word – daar moet dus probeer word om 'n skoon agtergrond te kry.
- Die goue uur en natuurlike beligting verseker mooier voël foto's.
- Zoem in maar verkieslik nie tot op die grootste vergroting nie.
- Die grootste moontlike lensopening moet gebruik word om genoeg lig en 'n vlak veld diepte te verkry.
- Geduld is belangrik om goeie voël foto's te neem (dalk moet die voëls ook geduld aanleer om langer stil te sit).

**Werking van die kamera**

*Lensopening (aperture)* word as f-stoppe geskryf f/8 of f8

- van groot na klein is dit f/2 f/4 f/8…

*Sluiterspoed (shutterspeed)* word in sekondes gemeet en dit meet die tyd wat die lens oop is.

- van klein na groot is dit 1/8000....1/10....1....10....30....

*ISO* behou die beeld in verskillende lig toestande

- donker na lig 100, 200, 400…

Tegniek 1: Vol Outomaties

Die kamera moet op Outo (Auto) of A+ gestel word.

Dit is 'n gerieflike beginpunt vir beginners want die kamera doen al die berekeninge.

Tegniek 2a: Semi-outomaties (Ikone)

Die kamera se stelknop moet op die blom, gesig, berg of sportman gestel word. Die kamera doen self die verdere aanpassings.

Tegniek 2b: Semi -outomaties (A/Av, S/Tv)

Die lensopening (A of Av), die sluiter spoed (S of Tv) en ISO werk almal saam. As daar aan die een gestel word, moet die ander dienooreenkomstig verstel word om goeie beligting te verseker.

- Wanneer die lensopening gestel word (A/Av) kies die kamera die sluiter spoed.
- Wanneer die sluiter spoed (S/Tv) gestel word, kies die kamera die lensopening.

Die lensopening word gebruik vir

- meer of minder lig (F/2 na F/32)
- minder of meer in-fokus gebied.

Sluiter spoed word gebruik vir

- meer of minder lig (30s…1s…1/10s…)
- minder of meer beweging skerpte (2s na 1/500s).

*Zoemlens*

Die lesing van ‘n zoemlens is in mm.

- Standaard lens: 18mm (wyd) tot 55mm (smaller)
- Lang lens: 70mm (wyd) tot 300mm (baie smal)

Daar moet onderskei word tussen ‘n fokus ring (om die beeld te fokus) en ‘n zoem ring (om die beeld nader te trek).

*Wit balans*

Verskillende lig kleure staan bekend as die wit balans.

Die kamera het ‘n AWB (outomatiese wit balans) wat geskik is vir beginners. Die kamera pas die wit balans aan sodat die kleur van die foto’s realisties lyk.

## VERE: DIT MAAK DIE VOËL




Rialet Pieters het op 8 Mei 2025 ‘n interessante praatjie by BirdLife Wesvaal gelewer wat deur 47 lede bygewoon is.

**Die Kelkiewyn (Namaqua Sandgrouse)** se vere is so aangepas dat dit tot 25 ml water kan opneem as hulle slegs vir vyf minute in die water sit en hulle vere skud. Die kleintjies drink dan die water van die vere af. Hierdie water kan 10 - 30 kilometer ver vervoer word.

Kelkiewyne se nes is in die grond en dit is ‘n veiligheidsmaatreël dat die nes so ver van ‘n watergat gebou word. Wanneer die kleintjies uitbroei kan hulle binne ‘n uur loop maar is eers in staat om ‘n jaar later self te vlieg.

Navorsing het getoon dat die Kelkiewyn se vere struktureel so aangepas is dat hulle water oor lang afstande kan dra. Die vere in die sentrale streek lyk anders as dié van ander voëls. Die baard vere rondom die skag van die veer is spiraalvormig en wanneer water dan opgeneem word, word die baard vere reguit en is in staat om die water oor lang ente te vervoer.

**Veerkleur**

Klublede is ook ingelig wat aanleiding gee tot verskillende kleure vere by voëls. Die pigment ***melanien*** is verantwoordelik vir die veerkleure van swart, bruin, rooibruin en liggeel. Melanien maak ook vere sterker.

***Kartenoïede*** is ‘n pigment wat van die dieet van ‘n voël afkomstig is. Dit dien ook as ‘n anti-oksidant. Voëls eet kos en metaboliseer die veerkleure wat hoofsaaklik helder geel, helder oranje of helder rooi is. Hierdie kleure word versterk deur die hormoon testosteroon en dit het die helder kleure van die vere van mannetjies tot gevolg tydens die broeiseisoen. Kartenoïede saam met melanien lei tot olyfgroen veerkleur. Die Kleinflamink (Lesser Flamingo) eet byvoorbeeld die alge in die water en hierdie kartenoïede is verantwoordelik vir die pienk kleur van die Kleinflamink. Die Grootflamink (Greater Flamingo) se pienk kleur is egter afkomstig van slakke wat weer op hulle beurt die alge vreet.

***Porfirien*** is gemodifiseerde aminosure wat die vere helder groen of rooi laat vertoon wanneer dit aan ultraviolet lig blootgestel word.

***Strukturele kleure*** word nie deur pigmente veroorsaak nie maar deur die mikroskopiese bou van die veer self. Die keratien van die veer veroorsaak dat lig verstrooi word  en skep ‘n iriserende effek soos blou en groen. Hierdie blink kleure kan veral by suikerbekkies (sunbirds) waargeneem word. Baie voëls is dan ook bont (meer as een kleur) wat ‘n rol speel dat die mannetjie makliker ‘n maat kan kry. Voëls kan kleure baie duidelik waarneem want hulle het vier soorte keëltjies in die retina (teenoor die mens se drie). Hierdie aanpassing stel voëls ook in staat om ultraviolet lig waar te neem.



# DAGUITSTAPPIES

## RONDEKOP UITSTAPPIE




BirdLife Wesvaal het Saterdag 8 Maart 2025 'n uitstappie na Rondekop gehad, wat so 15 km van Parys af in die Vredefortkoepel bewaring area, geleë is.

Die 19 lede en het op drie verskillende voertuie in verskillende rigtings gery. Die reservaat is 750 hektaar groot met verskillende habitatte soos grasveld, koppies en waterpanne. Die groep het 'n totaal van 55 voëlspesies gesien.



Die besigtigingstoer het drie ure geduur en na die rit het almal by die lapa bymekaar gekom vir 'n piekniek. Daar is name van spesies deur die verskillende groepe uitgeruil.

Rondekop Safari's se besoek was vir almal spesiaal en beslis 'n plek om weer te besoek.

## FAAN MEINTJIES UITSTAPPIE

Op Saterdag 12 April het 16 lede van BirdLife Wesvaal, beide van Potchefstroom en Klerksdorp, 'n uitstappie na Faan Meintjies Natuurreservaat onderneem. Faan Meintjies reservaat is 15 km buite Klerksdorp geleë en word deur die Matlosane munisipaliteit bestuur. Die reservaat was baie groen na al die reën. Die dag het koel en bewolk begin maar later het die weer opgeklaar.




Die grondpaaie was nat na die reën maar met 'n 4×4 bakkie was dit nie probleem nie. Die reservaat bestaan hoofsaaklik uit grasveld waar baie hoëveld voëls voorkom. Die hoogtepunte was die Bloubekeend (Maccoa Duck), Nicolsonkoester (Nicholson's Pipet) en die Dubbelbanddrawwertjie (Double-banded Courser). Die groep het 90 spesies dié oggend gesien. Daar was ook baie wild in die reservaat soos elande, blouwildebeeste, sebras en ander vlakte wild.

In die middel van die reservaat is ‘n piekniekplek met braai fasiliteite, afdakke en toilette. Die reservaat word goed onderhou en die klub kan dit gerus ondersteun vir ‘n uitstappie aangesien dit naby aan Potchefstroom is.

Baie dankie aan al die lede wat dit bygewoon het.

## WALTER SISULU BOTANIESE TUIN

Die Walter Sisulu Botaniese tuin is in Roodepoort, Gauteng geleë. Sedert 1984 dien hierdie botaniese tuin as bewaring area van hoëveld plante veral bankeveld plante en die Witpoortjie waterval, in Roodekrans, kom ook daar voor. Die botaniese tuine is ook bekend vir die Witkruisarend (Verreaux’s Eagle) paar wat sedert 1940 daar broei.

Ses lede van BirdLife Wesvaal het mekaar 8 uur by die hek van Walter Sisulu tuin ontmoet en besluit om verskillende paadjies te volg. Die tuin bestaan uit verskeie dele; rivier, grasveld, ‘n koppie met proteas, die waterval en ook tuine met grasperke geskik vir piekniek hou en kuier. Die lede het die verskillende paadjies gevolg en by die dam en skuiling tyd deur gebring.



Drie lede het ook die geologiese roete gestap waar verskillende gesteentes wat sigbaar is, verduidelik word onder meer gouddraende gesteentes. Margie, ‘n geoloog het die verskillende gesteentes uitgewys en ook verduidelik.



Die rif is ook die waterskeiding van die Witwatersrand. Die water wat noord vloei gaan na die Indiese oseaan en die water wat suid vloei gaan na die Atlantiese oseaan. Bo van die koppie is daar ‘n 360º uitsig oor Roodepoort en Johannesburg.

Die groep het die ikoniese Witkruisarende gesien beide op die nes en waar hulle hoog in die lug sweef. Daar is ongeveer 40 Hoëveld spesies tydens die uitstappie gesien.

Middagete is by die restaurant genuttig waarna daar nog ‘n tyd lank voëls gekyk is. Daar was ook ‘n roomys kombi met lekker roomys. Dit was ‘n heerlike uitstappie betreklik naby aan Potchefstroom.

# ARTIKELS

Lede van BirdLife Wesvaal het wyd deur die land getoer en interessante artikels ingestuur oor hulle wedervaringe.

## Flock to Marion Again 2025





Donderdag oggend 4:00 was Tilanie en Martie Krog se kar gepak, koffie geskink in metaalbekers en het hulle amptelik in die pad geval op pad na Durban. 'n Rus stop is by Howick waterval gemaak waar Tilanie vir die eerste keer 'n Kaapse Kliplyster (Cape Rock Thrush) aangeteken het.



Na 'n lang dag op die pad het hulle 15:30 die middag in Durban aangekom. Op pad hotel toe het Tilanie, 'n Huiskraai (House Crow) waargeneem, die tweede lifer vir die dag.

Vroeg Vrydagoggend was hulle gereed vir die seereis en na 'n lekker ontbyt by die hotel se buffet het Tilanie see toe gestap waar sy haar derde lifer, 'n Swartkopmeeu ( Black-headed Gull) gesien het.



Ingeboek op die MSC Musica, het hulle vlugtig die dekke gaan verken en begin voëlkyk. Tilanie se volgende lifer was twee Kleinpelikane (Pink-backed Pelicans), hoog bo op 'n ligpaal op die hawe vanaf die skip se dek.

Op 24 Januarie 16h30 het die skip uit Durban-hawe vertrek en koers gekies na die afgeleë waters rondom Suid-Afrika se sub-Antarktiese Prins Edward-eilande. Die opgewondenheid was soos elektrisiteit in die lug vir

die avontuur wat voorgelê het. ‘n Menigte Geelbekpylstormvoëls (Cory's Shearwaters) was orals te sien asook Langvlerkstormvoëls (Great-winged Petrels) en Basiaanne (White-chinned Petrels).

Saterdag oggend is hulle net na 4:00 op, om die dag se voëlkyk te begin. Die skip het nog steeds deur warm waters geseil. Op dek sewe, beide aan bakboord en stuurboord kant was daar vyf stasies, elk met ‘n voëlkenner beman van sonop tot sononder.



Agter op dek 12 was daar ook drie bemande stasies. Baie van die vorige dag se voëls was weer te siene, tot die aankondiging oor die hand radio’s gekom het en vir die oggend se grootste opgewondenheid gesorg het, die Tropiese Kleinpylstormvoël (Tropical Shearwater) het sy verskyning gemaak aan die stuurboord kant.

Peter Harrison se eerste lesing het gehandel oor “Ocean Nomads: The Abatrosses”. Sy groot liefde vir die albatrosse en seevoëls was baie duidelik in sy toespraak. Almal was baie vermaak met sy stelling: “Albatrosses are dumb, but squid are dumber.”



Buite op die dekke is daar verder voëls gekyk en geluister na die kennis wat die gidse gedeel het. Vlieënde visse het ook hulle verskyning gemaak. Daar is 2 meter hoë deinings waargeneem en die voëls het dikwels agter die golwe verdwyn.



Sondag 26 Januarie was almal weer dou voor dag op die dek, gereed vir aksie. Die boot het nou deur kouer waters teen 10 km per uur gevaar. Albatrosse het om die



skip gesweef en voël kykers het nie geweet waar om te kyk en die kamera of verkykers te rig nie. Die grasie waarmee die albatrosse moeiteloos deur die rowwe see gesweef met hulle meter lange vlerke sal nie maklik vergeet kan word nie.



Die oop see het gewemel van voël lewe:



Swartpensstormswael (Black-bellied Storm Petrel), Langvlerkstormvoëls (Great-winged Petrels), Marionwalvisvoëls (Salvin's Petrels), Bloubekalbatros (Shy Albatross), Bruinalbatros (Sooty Albatross), Bassiaan



(White-chinned Petrel), Kleinpylstormvoël (Little Shearwater), Grootnellies (Northern Giant Petrels), Tristangrootalbatros (Tristan Albatross), Sub-antarktiese Pylstormvoël (Subantartic Shearwater), Gewone Stormswael (Wilson's Storm Petrel), Grootalbatros (Wandering Albatross) wat se vlerkspan tot 3.5m kan meet, Swartkopalbatros (Light-mantled Albatross), Indiese Geelneusalbatros (Indian Yellow-nosed Albatross), Gryskopalbatros (Grey-headed Albatross), Witpensstormswaels (White-bellied Storm Petrels) en Reusenellies (Southern Giant Petrels), om net 'n paar te noem.







Op ‘n winderige, ysige Maandag oggend op 27 Januarie, kon hulle die Prince Edward eiland op die horison waarneem.



Pikkewyne het deur die loop van die dag hulle verskyning gemaak, en het die hele skip aan die gons gehad. Groepe Noordelike Geelkuifpikkewyne (Northern Rockhopper Penguins), Koningpikkewyne (King Penguins), Langkuifpikkewyne (Macaroni Penguins) en selfs ‘n Witoorpikkewyn (Gentoo Penguin) het kort, kort deur die see oppervlak gebreek en vir vlugtige foto oomblikke gesorg.



Die Seeduifstormvoël (Cape Petrel) het ook sy verskyning gemaak en almal was in oproer oor die mooi seevoël. Sy ou Engelse naam, Pintado, beteken geverf in Spaans.

Om 13:18 het hulle aan die suide kant van die eilande 2000 km van Afrika se suidpunt verby gevaar.  Antarktika was agter die skip, suid van hulle, om en by 2300 km ver. Hulle het wes geseil, kloksgewys om die Marion eilande.

Marionwalvisvoëls het in groepe verby die skip gevlieg. Hulle drom altyd in groepe saam om die kanse te verminder dat roofmeeus hulle kan vang.



Die South Georgian Diving Petrel en die Kergeleunse Stormvoël (Kerguelen Petrel) het ook vir groot opwinding gesorg. Mense het van bakboord na stuurboord gehardloop vir 'n kans om hulle waar te  neem.



Op 28 Januarie was almal weer vroeg gereed vir die dag se voëlkyk.




Benewens die voëls wat op die vorige dae gesien is kon kykers die volgende voëls by hulle lysies voeg, Indiese Geelneusalbatros (Indian Yellow-nosed Albatross), Gryskopalbatros (Grey-headed Albatross), Donsveerstormvoël (Soft-plumaged Petrel), Bruinroofmeeu (Brown Skua), Arktiese Roofmeeu (Arctic Skua), Langstertroofmeeu (Long-tailed Skua), Swartpensstormswael (Black-bellied Storm Petrel), Gewone Duikstormvoël (Common Diving Petrel), Grysrugstormswael (Grey-backed Storm Petrel), Witkopstormvoël (White-headed Petrel), Malbaartjie (Sooty Shearwater) en  Bloustormvoël (Blue Petrel).

Woensdag oggend, 29 Januarie het 'n stil oseaan die voëlkykers begroet. Die wind was ysig en die temperatuur laag. Hulle was stadig besig om Noord te seil huiswaarts deur internasionale waters.

Die dag was weer propvol wonderlike seevoëls en kon die Swaelstertstormswael (Leach's Storm Petrel) ook nog by hulle lysies gevoeg word.




Elf uur die oggend het hulle Peter Harrison se tweede lesing in die teater bygewoon: Life of exploring the world's oceans and coasts to put together the first sea bird book.




Op die laaste dag van die fantasties reis was hulle terug in Suid-Afrikaanse waters met warmer weer. Die Baraustormvoël (Barau's Petrel) en Roetsterretjie (Sooty Tern)

was die hoogtepunte van die dag en het gesorg dat vele voëlkyker nog ‘n lifer of twee kon aanteken.

Kajuite was ruim, en ‘n kanaal op die TV was ingeskakel op die kamera voor op die boeg van die skip. Die kos op die skip was onverbeterlik en almal het aan die heerlike disse gesmul by die buffet, of een van die restaurante.



Voëlkykers kon ook tydens die reis hulle boeke deur Peter Ryan en Peter Harrison laat teken het. Tilanie het ook in die ry geval om haar boek deur Peter Ryan te laat teken.

Op die laaste dag het bykans almal aan boord bymekaar gekom vir ‘n groep foto.



Op die skip is verskeie vriendskappe gesmee met  vreemdelinge, wat hulle hopelik op die volgende Flock weer sal raakloop.





*Remembering Robert Cusham Murphy  in October 1912 in a letter to his wife:*

*"I now belong to a higher cult of mortals for I have seen the albatross"*

*Wandering Albatross  - Diomedea exulans*

-

*Tilanie Krog*

# KRUGER WILDTUIN JANUARIE 2025

Alet Steyn en Corrie Venter het die Kruger Wildtuin in Januarie 2025 besoek. Die besoek is voorafgegaan deur ‘n drie dag voëlkyk saam met Wesrand Ereveldwagters se ‘birding weekend’ by Pafuri Border Camp.

Soos gewoonlik was die gidse se kennis van voëls en die omgewing van hoogstaande gehalte. Die voorafgaande bogemiddelde reën het meegebring dat al die paaie nie toeganklik was nie maar nogtans kon die gidse die groep wel na plekke neem wat die gewone publiek nie kon gaan nie.

Daar is natuurlik paar lifers ook gekry naamlik die **Waterploër (African Skimmer)** en



**Bontpiek (Arnot’s Chat).**



**Wat egter opvallend en onstellend was , was die feit dat daar in die kampe asook piekniekplekke bykans geen voëls teenwoordig was nie.**

Hierdie was nie net ’n waarneming van slegs dié twee nie maar ’n persoon wat Australië toe immigreer het en 4 jaar terug die wildtuin besoek het, het die waarneming met hulle gedeel.

’n Ereveldwagter van die Bankenveld streek het so twee jaar gelede genoem dat daar teen Malaria gespuit word in die kampe.  Hierdie kan ’n moontlike rede wees vir die geweldige afname van voëls in die kampe.

Daar word aan toerisme aandag gegee daarom word die kamp bespuit.  Voëlkyk toerisme bly nou egter agterweë wat Alet en Corrie glo ‘n groot getal mense na die wildtuin lok.  Hulle het in die swembad met ’n Poolse toeris gesels wat juis genoem het dat hulle in die wildtuin is om voëls te kyk.  ’n Amerikaanse burger het ook vertel dat hulle in hul Krugerkaartboek al begin het om die voëls af te merk.  ’n Ierse toeris het vertel dat hulle graag kom voëls kyk omdat hulle so min spesies in hulle eie land het.

**Hierdie is ’n aspek wat defnitief aandag moet geniet**.

ALET STEYN EN CORRIE VENTER

## CHRISSIESMEER

Saterdag 1 Maart kry Hentie Boardman ’n boodskap van haar susterskind: “Free birding with Nick Newman in Chrissiesmeer” op 8 Maart.

Nou ja, al is dit 5 ure se ry en reeds die volgende naweek, kon Hentie aan baie redes dink hoekom sy juis dié spesifieke naweek in Chrissies moes gaan kuier. Sy ry Vrydag deur, nie op die lekkerste pad nie en dit was so besig sy kon nie eers langs die pad stop by ‘n dam vol eende nie. Teen 5 uur was sy in Crissiesmeer en kuier lekker, maar dit het nie lank geneem nie en voëltjies was die onderwerp.

Vroeg Saterdagoggend is sy op met gemaklike skoene, maar nie met waterstewels nie. ‘n Mens sou amper dink sy was nog nooit daar nie. In daardie omgewing het elke plaas sy eie pan of vyf. Hulle het mekaar by die "Billiard room" gekry en later ook uitgevind dis die lekkerste eetplek met die vriendelikste mense. Dit was ook nie moeilik om te kry nie, want Chrissie, die dorp self, is nie eintlik baie groot nie, en het die mooiste sandsteen kerke. Die familie was nie lus vir voëls kyk nie, hul ken mos hul eie wêreld. Hentie het uitgeklim en het soos ‘n Ralreier (Squacco Heron) gevoel wat so op sy eie staan en wag vir die lekkerste vissie om verby te kom. Sy is met groot gasvryheid ontvang en het soos een van 14 Bleshoenders (Red-knobbed Coots) gevoel wat saam kon 'coot'.

Nick Newman en Peter (voëlkyker van Chrissies) het saam met Hentie in haar voertuig geklim vir hulle avontuur. Hentie het gou besef sy was saam met kenners. Hulle kon mekaar ondersteun met die Engelse en Afrikaanse voël name. Eerstens het hulle by ‘n boer se plaas gestop en aangestap na ‘n pan toe, oor die veld en deur die vleie, voëltjies gesoek, terwyl hulle skoene natter en vol modder geword het.

Sover soos hulle gestap het, het hulle die mooiste veldblomme gesien en 'n dame wat ook in die groep was het ook dié blomme se name geken. In Januarie is daar elke jaar 'n veldblomme dag, waar kenners op die gebied van veldblomme hulle kennis met ander deel. So paar jaar terug het Hentie ongeveer 10 verskillende orgideë spesies gesien toe sy saam met die groep gestap het en 'n vlei vol Pynappel lelies.

Na die vlei het hulle deur grasvelde gestap vir so paar LBJ's . Hulle is daarna terug Chrissies toe om die innerlike by die Billiard Room te versterk. 'n Paar van hulle was soos swaeltjies, hulle het net aangehou om nog voëltjies te soek. Hulle is na die meer by Chrissies self en Hentie is ingelig dat 'n meer 'n inloop maar nie 'n uitloop het nie. Daar is 'n paar mere in en om Chrissies naamlik Chrissiemeer, Eilandmeer en Lake Banniger. Die ander is ook natuurlike panne wat met vleie verbind word. Daar was oral water na die goeie reëns van die seisoen en van die paaie was sommer in die middel van 'n pan of meer. Ongelukkig was die waad voëltjies maar min as gevolg van die baie water. Nick Newman het die Grootriethaan (African Rail) gesien maar vir Hentie was dit net 'n blits. Hulle het egter baie eende (ducks) en waterhoenders (moorhens) gesien. Vandaar is hulle Florence toe en het Kopereende (South African Shelducks) asook 'n Witrugeend (White-backed Duck) waargeneem. Die Afrikaanse Vleivalk (African Marsh Harrier) het so naby haar motor verbygevlieg dat sy gevoel het asof sy aan hom kon raak. Wow, daardie kleure, maar toe sê die kamera :" Change your battery pack". Hentie het gevoel of sy wil huil. Drie uur het hulle besluit om halt te roep, maar om mekaar weer 4 uur aan die anderkant van die meer te kry.

Dit was nie 'n lank rustyd nie, maar op haar familie se plaas sien sy 'n arend wat 'n Bleeksingvalk (Pale Chanting Goshawk) tart . Nie lank daarna nie was sy weer op pad waar Esbie se man hulle ontvang het vir 'n rit op die meer. Daar het hulle die Nonnetjie-uil (Western Barn Owl) in 'n skeur waargeneem asook 'n klomp watervoëls. Na 'n lekker Sundowner op die meer is hulle terug huis toe. Nuwe vriende is gemaak op die uitstappie en toe deel Nick en sy vrou haar mee dat hulle mekaar weer twee weke later by Elgro River Lodge gaan sien.



Die aand is daar net voëltjies gepraat saam met al die familie en vriende. Sondag het sy lekker by die familie gekuier maar Maandagoggend is sy en Anthony vroeg uit op die plaas en word die voël lysie net langer gemaak, met onder andere twee Mahems (Grey Crowned Cranes) en 'n pou wat vinnig voor hulle opgevlieg het. Na deeglike studies van die foto's is daar toe besluit, dat dit die Veldpou (Denham's Bustard) was.

Hentie het so 100 spesies vir die naweek gesien. Dit was ‘n ongelooflike lekker naweek met nuwe vriende wat gemaak is.

Hentie wens Peter en Esbie alle sukses toe met die begin van ‘n nuwe voëlklub aangesien hulle met ‘n ongelooflike natuur juweel sit wat ryk is aan voëllewe asook wonderlike mense .

*Hentie Boardman*

## BRUISENDE WATER



Lounell, Sophie, William en Marietjie

Dit is altyd ‘n voorreg om die wonders van die natuur te aanskou. In die Augrabies Nasionale Park het Marietjie Lombard en Lounell White een oggend vroeg opgestaan om na die sonsopkoms by die hoofvalle te kyk. Hulle was gelukkig om met een oogopslag die maan, ‘n reënboog in die sproei, die bruisende waterval en die son wat oor die rotse loer waar te neem. Voëlkykers is vroegopstaners, en hulle kry vir William en Sophie Deale van BirdLife Wesvaal op die platvorm by die waterval. Augrabies beteken in Khoi die “plek van groot geraas” en die waterval het sy naam gestand gedoen.



Bleekvlerkspreeu



Driebandstrandkiewiet

Hulle besoek aan Augrabies het 43 voëlspesies opgelewer, ondermeer die Bleekvlerkspreeu (Pale-winged Starling), Driebandstrandkiewiet (Three-banded

Plover) en Swartriethaan (Black Crake). Sanparke het egter die Wildernis gebied, wat 'n voëlkykers paradys is, gesluit weens die stygende watervlakke




Op die walle van die Oranjerivier kort voor Augrabies is Paardeneiland wat ook voëlkyk geleenthede gebied het. Veereiers (Western Cattle Egrets) het op die hoë vlakke in die rivier met die boomstompe stroomaf tot teen die brug saamgedryf. Sodra die boomstomp naby die brug kom, het hulle terug stroom op terug gevlieg en dan weer 'n saamry geleentheid op die volgende "bootjie" stroom-af gekry.

*Lounell White en Marietjie Lombard*

**MOUNT EVEREST -- - HARRISMITH**

Hierdie goed bestuurde, tuis voel gasteplaas met 'n verskeidenheid wild, op 'n werkende plaas, is sowat 20 km noord van Harrismith, net 5 km af van die pad na Verkykerskop en 330 km van Potchefstroom af.



Arendskop chalet, met die aasvoëlkrans reg agter chalet is omtrent 3 km weg van die hoof kompleks en ander akkommodasie. Dit kan kwalik beter geplaas wees vir die panorama uitsig oor die uiters mooi landskap in die rigting van Natal. Hier is heerlike veilige stapplek en voëlkyk vir die mees energieke tot die stoepsitters. Die dek aan drie kante van die chalet het 'n verskeidenheid voëls wat letterlik kom soebat het om afgeneem te word.

Daar was verskillende soorte kanaries rondom die chalet soos die Geelkanarie (Yellow Canary), Streepkopkanarie (Streaky-headed Seedeater) en Kaapse Kanarie (Cape Canary).









Die Bokmakierie het luidkeels sy territorium aangekondig.




Stephan het ook ‘n onvolwasse Kaapse Kliplyster (Cape Rock Thrush) en Rooivlerkstreepkoppie (Cape Bunting) waargeneem.








Agter die chalet, al langs die berg af, is dit roofvoël wêreld. Kransaasvoëls (Cape Vultures) was lui-lui op patrollie teen die wit bewolkte agtergrond. Daar was soms tot twaalf van hulle. Vroeg soggens het hulle die  sonkant opgesoek.





Rooivlerkspreeus (Red-winged starlings) het die Kaalwangvalk (African Harrier-Hawk) wat hulle nes probeer roof het met mening weggejaag.



'n Billike foto van die paar Witkruisarende ((Verreaux's Eagles), wat nogal dikwels verby gesweef het, asook 'n Bruinjakkalsvoël (Common Buzzard), het Stephan ongelukkig ontglip. Die vlaktes in die rigting van die eskarpement het ook sy deel goed bygedra. Dit was opmerklik en verblydend dat hierdie Kalkoenibisse (Southern Bald Ibis) oorwegend jong ongekleurde voëls was.



Stephan het ook 'n Nicholsonkoester (Nicholson's Pipit) , Landeryklopkloppies (Zitting Cisticolas) wat volop was, en Rooikoplewerikke (Red-capped Larks) waargeneem.



Nicholsonkoester



Landeryklopkloppie



Rooikoplewerik



Stefan Heydenreich

Hierdie Donkerlewerik was vir Stephan spesiaal. Hy het met 'n vorige besoek aan hierdie kontrei, net Oos van die Sterkfonteindam, hulle ook gesien, maar kon net 'n swak foto deur die voorruit neem. Volgens SABAP 2 kom hulle wel so ver Suid voor maar is net in Natal aangeteken.

'n Hele paar van die voëls wat hy afgeneem het, het ringe aangehad, dus was ringers ook daar bedrywig.

**MAGOEBASKLOOF**

Magoebaskloof is naas die Knysnawoud die tweede grootste inheemse woud in Suid Afrika. Carel van Heerden het gevind dat die kloof beslis 'n uitdaging is om goeie foto's te neem aangesien die woud baie dig is en dit baie bewolk was. Hy het egter saam met 'n gids vir drie ure in die woud rondgestap en het verskeie voëls gesien soos die Woudpapegaai (Cape Parrot), Swartoogboslaksman (Black-fronted Bushshrike), Geelstreepboskruiper (Yellow streaked Greenbul), Oranjelyster (Orange Ground Thrush), Drakensberglangstertjie (Drakensberg Prinia), Geelbekbosduif (African Olive Pigeon) en Kaapse Glasogie (Cape White-eye) . Carel kon vyf lifers by sy lewenslys voeg.




*Carel van Heerden*

## AFROTROPIC, PALEARCTIC AND NEOTROPIC BIRDS – EXPLORING SOME NEOTROPIC BIRDS OF SOUTH AMERICA

The avifauna world is divided into a number of biogeographic regions, South African birds belong to the Afrotropic Region, while Palearctic migrants visit South Africa during the Austral summer.

The Palearctic Region covers Europe, Asia north of the Himalayan foothills, and northern Africa, while the Neotropic region covers Central and South America, the Caribbean, and southern Florida. The Afrotropic Region covers Sub-Saharan Africa.

The Neotropic Region is the most diverse with between 4000 and 4500 species. The Afrotropic region boasts around 2500 and 3000 species, while the Palearctic Region boasts between 1500 and 2000 species.[1]

With a recent three-month trip to the southern part of South America (southern Brazil, Argentina, Chile and Uruguay) Johan Nel was intrigued by the question of how the Neotropic birds differ from our own Afrotropic species and why the region has such a diverse range of species and how speciation occurred.

The evolution of Neotropic birds is closely tied to the geological history of the region. The formation of the Isthmus of Panama, the uplift of the Andes, and the creation of the Amazon rainforest have all contributed to the diversification of bird species in the Neotropics. One of the key drivers of speciation in the Neotropics is the region's complex geography. The Andes Mountain range, for example, has created a variety of habitats, from tropical rainforests to arid deserts, which have led to the evolution of distinct bird species. Another important factor is the region's climate. The Neotropics experience a range of climates, from the hot and humid tropics to the cool and dry temperate zones. This climatic diversity has driven the evolution of unique adaptations in Neotropic birds, such as specialized beak shapes, plumage, and behavioral traits.

Neotropic birds are incredibly diverse, with a wide range of characteristics that have evolved to suit their environments. Some notable characteristics include:

**Bright plumage**: Many Neotropic birds are known for their vibrant colours and intricate patterns, which play a crucial role in mate attraction, territorial defence, and camouflage.

**Specialized beaks**: Neotropic birds have evolved a variety of beak shapes and sizes, each adapted to specific diets and foraging strategies.

**Complex songs**: Many Neotropic birds are renowned for their complex and melodious songs, which are used for territorial defence, mate attraction, and communication.

**Migration patterns**: Some Neotropic birds migrate between breeding and wintering grounds, while others are resident or altitudinal migrants.

**Incredible speciation:** The incredible large variety of species and high levels endemism is astounding.

Some examples of Neotropic bird species include:

**Toucans**: Known for their large, colourful beaks, toucans are iconic Neotropic birds that play a crucial role in seed dispersal and forest regeneration.

[1] The number of species differ depending on the source consulted and the taxonomy used.



Toco Toucan



Monk Parrots

**Macaws and other Parrots**: These brightly coloured parrots are famous for their intelligence, social behavior, and vibrant plumage.

**Hummingbirds**: With their iridescent feathers and rapid wingbeats, they are synonymous with Neotropic bird diversity.



White-vented Violet-ear

**Tanagers and other passerines'**: These small to medium-sized birds range from very bright to grey and brown colours, most of them have very complex songs.

The Rufous Honero is the national bird of Argentina















**Birding in South America** without guides is a major challenge. It is hard to access electronic reference works to identify species. Most sources are available in Spanish or Portuguese only. None of them are complete lists of birds of the area, while the names used do vary greatly. Most of the sources do not have photographs of females and juveniles and birds in flight. Our South African Birdlasser is also very incomplete.

The sheer number of totally different species to southern Africa and their regional variation make birding in the Neotropics a blast. Birding in South America also brings birds that we know from South Africa such as the: House Sparrow, Cattle Egret, Great Egret, Barn Owls and the Black-Crowned Night-heron amongst others.

Birds of similar genus to those found in southern Africa, but which are different species to our own are also fascinating.
















Other species of South America that intrigue South Africans are those that are abundant over there, but which are recorded as very rare vagrants to South Africa.













Birding in another biogeographic region is both rewarding and challenging. Seeing totally new, familiar and similar species make for a thrilling birding experience.

*Johan Nel*

## 4x4 BAKKIERIT

Die asemrowende mooi Oos-Kaap het Lounell White, Marietjie Lombard en Cornelia van Biljon omvou met kranse en styl hange van die Malutiberge terwyl hulle



deelgeneem het aan 'n georganiseerde 4x4 toer. Nat modder grondpad passe het hulle na nuwe hoogtes geneem, terwyl die een na die ander toneel in die kameralens oopgevou het. Die verlengde reënseisoen het die groen groener gekleur.

Die voëls het baljaar in die volop poele en bosse. Neste het oor waterstrome en vol riviere aan swaaiende takke gehang. Mahems (Grey Crowned Cranes) in swerms van 20 tot 30

in groepe was volop! Die kransryke habitat is ‘n lushof met talle roofvoëls soos Witkruisarende (Verreaux’s Eagles) en Rooiborsjakkalsvoëls (Jackal Buzzards).


Rooiborsjakkalsvoël


Mahems

Die oomblik wat almal, voëlkykers en nie-voëlkykers in stille verwondering gelaat het was ‘n kolonie van 320 Kransaasvoëls (Cape Vultures). In die tyd wat hulle teruggekeer het na ‘n 200 km jag vir die dag het die reuse van die lug kort bokant almal se koppe gesweef en gespeel, ‘n vertoning vir al die toeskouers.





*Marietjie Lombard en Lounell White*

## KGALAGADI-OORGRENSPARK

Tydens William en Sophie Deale se eerste, en blitsbesoek van slegs twee nagte by Twee Rivieren Kamp, was die Kgalagadi 'n teenstelling van wat hulle te wagte was. Die paaie was pas geskraap na die reën en het min sinkplaat gehad. Hulle het 'n draai by Mata Mata en Nossob gemaak en oral was dit groen met wuiwende grasvelde, waterpoele in die veld en byna geen duine wat rooi deurgeslaan het nie. Hulle het 'n groot verskeidenheid roofvoëls gesien. Vier "lifers" is gesien, onder andere was hoogtepunte vir hulle die Dwergvalk (Pygmy Falcon) en Swaelstertbyvreter (Swallow-tailed Bee-eater). Gompoue (Kori Bustards) het naby, of selfs in die pad geloop en meer as een Sekretarisvoël (Secretarybird) is gesien.







*William en Sophie Deale*

## ROOFVOËLS IN MY TUIN

Stefan Heydenreich het nooit die verskeidenheid van roofvoëls in sy tuin besef totdat hy hulle begin afneem het vir positiewe identifikasie nie. Nie almal van hulle is so bedagsaam om te kom sit en poseer nie en dit was gewoonlik maar skiet uit die heup uit.

Tussen sy erf en die spoorlyn huur hy 2600 vierkante meter natuurlike veld van die Stadsraad wat hy onversteurd hou en waarop hy ook heelwat bome gevestig het. Vroeg soggens voor ontbyt op die stoep met koffie, kniebeskuit en kamera en dikwels ook laat middag is dit 'n plesier om die voëls dop te hou.



Hierdie Kaalwangvalk (African Harrier-Hawk) is ‘n nesrower by uitstek en snuffel dikwels by dakke en hang soms ook baie onhandig aan vinkneste.

Veral in die winter wanneer die veldgras kort is het die Langkuifarend (Long-crested Eagle) rustig kom sit en wag vir ‘n kouseltjie. Die grasrotte is juis so ‘n groot trekpleister.







Hierdie meneer, want hy is ‘n meneer, vra maar vir die duiwe, as hy die slag by die môremark opdaag, dan spat hulle in alle rigtings uitmekaar, heel oorywerig om van sy spyskaart af weg te bly. As die Swartsperwer (Black Sparrowhawk) die slag besigheid bedoel word die vlerke so halfwas ingevou om sy turbo in te skakel. Hierdie twee Kransduiwe (Speckled Pigeons) was gelukkig om weg te kom.

Hier sit hy op sy duif. Met die wegvlieg het hy agter bome ingevlieg en kon Stephan nie 'n mooi aksie foto van hom met sy prooi kry nie.



Een middag het hierdie Kransvalk skielik kom oë wys, maar het nie weer opgedaag nie.



Die Wespedief is ook 'n dakbesoeker vir perdebyneste.



Hierdie laksman of liewer lakswyfie het haar verskyning gemaak en vir 'n paar weke gebly. Sy is die westelike subspesie van ons gewone laksman met haar wit wenkbrou en duidelike verbleikte swart op die kop en rug. Stephan sou graag wou sien of sy met 'n gewone mannetjie sou op paar of nie. Sy het egter nie gebly om te broei nie.



Die Gewone Vleiloerie (Burchell's Coucal) is by tye byna inwonend. Hulle help graag om die slakke in bedwang te hou. Hierdie prooi is darem nie te rats nie.





Toe hierdie kraai van die oostekant af verby gevlieg het wou Stephan hom eers nie afneem nie, maar op pad terug van die rivier se kant af , duidelik met 'n klein duifie in sy bek, het hy gou 'n paar foto's geneem. Die kraaie, wat tog as 'n meer intelligente voël gereken word en allerhande "slim" dinge kan doen, om asblikke, soos 'n duikbomwerper, om te skop, het blykbaar nog nie geleer om prooi wat op die paaie doodgery is, uit die pad te sleep en ongesteurd te vreet nie.

*Stefan Heydenreich*

# Voorbladfoto

*Die voorbladfoto vir hierdie Hoephoep is verskaf deur Hentie Boardman. Dié foto vertoon 'n eier met 'n neskuiken.*



In die volksmond word daar dikwels na 'n pas uitgebroeide voël as 'n kuiken verwys. Dit is egter nie korrek nie, want daar is klein subtiele verskille in voëls soos wat hulle groter word. Voëls wat pas uit 'n eier gebroei het staan bekend as 'n **neskuiken** (nestling) omdat hulle slegs in hulle nessie kan bly soos hierdie Gevlekte Ooruil (Spotted Eagle-Owl).

Die volgende stadium in die ontwikkeling staan bekend as 'n **vliegkuiken** (fledging) omdat die voëltjie dan kontoervere ontwikkel wat die voël in staat stel om te vlieg. Op hierdie stadium kan hulle ook begin om die nes te verlaat.



Sodra die jong voël vliegvere ontwikkel wat hulle in staat stel om onafhanklik te vlieg staan hulle bekend as 'n **jongeling** (juvenile) of **onvolwasse** (immature) voël. Hierdie voëls het dan nog nie die kleure van 'n volwasse voël ontwikkel nie (sien bl. 11 oor die rol van pigmente in die veerkleur van voëls). Hierdie jongelinge maak dit soms moeilik vir voëlkykers om die voëls te identifiseer omdat die kleur van die voëls soveel van die volwasse voëls verskil. Die kleure van die jong Witkruissperwer (Gabar Goshawk) vertoon bruin van kleur terwyl dié van 'n volwasse grys van kleur is.



Dit is dus belangrik om na ander kenmerke ook te kyk in die identifikasie van voëls. Hier kan die langtone van die Grootlangtoon (African Jacana) duidelik waargeneem word alhoewel die jongelinge 'n bruin kleur vertoon.

Bron: Trevor Carnaby, 2008, Beat about the bush: Birds, Jacana Media

## FOTOS EN BYDRAE

Alle voël foto's en bydrae is verskaf deur lede van BirdLife Wesvaal met gepaste bronne waar gebruik. Die Bestuur sê dankie vir julle bydrae om die Hoephoep interessant te maak.

## VOËLNAME

Voëlname is verkry van: BirdLife South Africa Checklist of Birds: 2023

Die Redakteur nooi BLWV lede uit om foto's in te stuur wat gebruik sal word vir die voorblad van die volgende Hoephoep.

Die tema van die foto vir die volgende Hoephoep is Slangarende

Reëls:

Portret formaat.

Foto sal deur BLWV komitee gekies word

Stuur foto's na lounellwhite@gmail.com

Landskap foto's sal in aanmerking kom vir die beskrywing van die voël, dus word hierdie foto's ook verwelkom.